please pray

Mei 2010

Ons eer die Here vir Sy goedheid en genade. Daar het sommer 'n hele klomp belangrike Go-dinge hierdie maand gebeur.

- Go is die 2de Mei by AGS Mosselbaai bekendgestel
- 'n Vergadering is belê met al die belangrikste rolspelers in ons omgewing sodat 'n Wêreldevangelisasie konferensie volgende jaar in die Tuinroete gehou kan word. Almal is opgewonde en die volgende vergadering vind DV in Junie plaas.
- Nog bedieningsnetwerke is gevorm met oa. OM, YWAM, Campus en Geopende Deure.
- 'n Inligtingsblad met informasie oor verskillende plaaslike sowel as nasionale uitreike is 90% voltooi en sal DV ook in Junie uitgegee word.

Bid asb saam met ons vir die volgende:

- **Die Inligtingsblad**: Ons benodig borge om die blad te kan druk.
- **JCC –Projek**: Dat die Here in Sy genade sal voorsien dat ons spoedig die nodige voorbereiding sal kan doen , die betonblad kan gooi en die tent sal kan oprig.
- **Finansiële ondersteuning**: Vir meeste van ons is dit vandag 'n uitdaging. Die huidige ekonomiese situasie maak dit baie moeilik om in die omgewing besigheid in die boulyn te bedryf. Daarom is dit vir ons, sowel as ander besighede, moeilik om finansiële ondersteuning te verleen.

  Vertrou en bid asb saam met ons vir uitkomste en oplossings sodat ons in die omgewing kan voortgaan met die werk waar toe ons geroep is.

- **Botswana Uitreik**: Ons beplan om DV middel Julie na die noorde van Botswana te gaan om kerkplanting en uitreik -moontlikhede te ondersoek.

  Bid dat die Here die pad vir ons sal voorberei, vir Goddelike ontmoetings met die regte mense, en voorsiening vir al die ekstra onkostes. (Brandstof alleen sal in die omgewing van R5000 beloop)

- Die **Cross Border Sending konferensie** wat 11-13 Junie in Jeffreys Baai plaasvind. Bid vir die twee dames van ons gemeente wat saam ons die geleentheid wil bywoon.

<u>Sê saam met ons dankie vir:</u>

- ‘n Voertuig wat ons kon bekom wat geskik is vir die uitreike.

  Ons eer die Here vir Sy voorsiening en genade!

- Die ontwerp van die logo en druk van die brosjures wat alles goed afgeloop het, asook die voorsiening om dit te kon druk.
- Krag en gesondheid om diensbaar te kon wees.

Dankie dat jy vir ons bid.

Groete in Jesus

Beyers , Christelle en kinders.

“ Men may spurn our appeals, reject our message, oppose our arguments despise our persons but they ***are helpless against our prayers.”***

your mission our passion